# GEHOORSAAMHEID

Hierdie week leer ons oor ‘n baie groot woord “**Gehoorsaamheid**” deur die bekende Bybel storie, Noag se ark!!

Kom ons lees Genesis 6 vers 13 tot 22 saam.

Belangrike punte waarna ons moet oplet:

- ***God*** *neem sonde baie ernstig op*
- *Dit is belangrik om* ***God*** *te gehoorsaam*

Die is een van die stories wat bekend is vir ons almal. Sonde het die wêreld binne gekom toe Adam en Eva die verbode vrug geëet het.

- Noem ‘n paar sondige dinge wat mense doen?

Mense se sondes maak vir God hartseer. Noag het God liefgehad en anders geleef as al die ander mense. Hy het na God geluister!!

- Dink aan ‘n paar maniere waarop Christene geroep is om anders te wees?

God het vir Noag geroep om ‘n ark te bou. Noag het God gehoorsaam (vir Hom geluister), selfs al het hy nog nooit eers reën gesien nie, en al was die bou van die ark baie harde werk.

- Deel ‘n tyd toe God jou gevra het om iets te doen en hoe jy Hom gehoorsaam het. Dit kan iets wees wat jy weggegee het, of iemand vergewe het wat jou seergemaak het.

Ons gaan nou ‘n reën meter bou.  Julle moet die aanwysings mooi volg. So het God vir Noag ook duidelike instruksies gegee oor hoe om die ark te bou. God gee vir ons ook duidelike aanwysings in die Bybel oor hoe ons moet lewe.

Noag het mense van die vloed vertel, selfs toe hulle Hom nie geglo het of hom selfs gespot het nie. Soms, wanneer ons die Bybel met ander deel, sal hulle ons ook nie glo nie. Maar ons moet nooit opgee om die Bybel se Woord te deel nie.

# Maak jou eie reënmeter

Toe Noag in die ark was, het dit vir veertig dae en veertig nagte gereën. Hoeveel reën sal julle hierdie week hê? As jy trek wil hou hoeveel reën jule gekry het, maak hierdie eenvoudige reënmeter - al wat jy nodig het, is 'n paar eenvoudige materiale en 'n bietjie tyd.






## Wat jy nodig het:

- 'n Leë plastiekbottel (1 of 2 liter)
- Skêr
- Kleef band
- Liniaal
- Papier
- Potlood

## Wat om te doen:

1. Sny rondom die plastiekbottel sowat twee-derdes van bo af.
2. Draai die boonste deel van die bottel onderstebo en plaas dit binne-in die onderste deel om 'n tregter te maak - los dit in plek met behulp van die kleef band.
3. Merk en skryf cm op 'n stuk band, met behulp van 'n liniaal, en los dit aan die kant van die bottel.
4. Vind 'n plek buite om jou reënmeter te sit. Dit moet oop en weg van bome af wees.
5. Maak 'n gatjie en begrawe jou reënmeter sodat die bokant ongeveer 5 cm uit die grond uit steek. As jy dit nie kan begrawe nie, probeer dit in 'n pot sit, sodat dit nie om waai nie.
6. Gaan die reënmeter elke dag op dieselfde tyd na, meet die hoeveelheid reën wat ingesamel word. Maak die bottel leeg.
7. Gebruik die weer dagboek in die les om aan te teken hoeveel dit gereën het.

# Weer dagboek

| | Vandag was dit | Dit het cm gereën |
|---|---|---|
| Dag 1 | | |
| Dag 2 | | |
| Dag 3 | | |
| Dag 4 | | |
| Dag 5 | | |
| Dag 6 | | |
| Dag 7 | | |

Teken hierdie week se weer aan. Teken 'n prentjie van die weer en gebruik die reënmeter om die reën te meet.



Dit het gereën en gereën totdat die hele wêreld oorstroom het.

Gou was daar niks oor op die land nie.

Maar God het Noag en sy familie veilig in die ark gehou.







Eendag het God na die wêreld gekyk en Hy was hartseer.

Al die mense het slegte dinge gedoen.

Net Noag was goed. God het vir Noag gesê om 'n spesiale boot te bou om homself en sy familie van die vloed te red.



Noag het God gehoorsaam.

Hy het al die instruksies en metings gevolg wat God vir hom gegee het.

Jaar na jaar het hy hard gewerk om die ark te bou totdat dit klaar was.





Noag en sy familie het in die ark ingegaan,

saam met twee van elke dier.

Toe hulle almal veilig binne was, het God die deur toegemaak.

Dit het begin reën.